Vors

Les 4: Eerlikheid

(Pre-tiener les Gr 4 -6)

Doel:

Dat kinders sal besef dat God wil hê dat ons altyd eerlik moet wees, maar ook dat Hy ons sal vergewe as ons opreg jammer is en ons sondes bely.

Inleiding - Objekdes:

Gee vir 'n vrywilliger 'n deursigtige glasfles. Vra vir die kind om nou 'n voorwerp (bv. 'n lekker of geldnoot) daarin weg te steek. Kan hy dit regkry? Niemand kan dit regkry nie. Net so kan ons vir God niks wegsteek nie. Al weet niemand anders daarvan nie, God weet.

Toets jouself deur die volgende vrae in jou kop te beantwoord:
I. Skryf jy soms huiswerk af?
II. Is jy eerlik as jy bordspeletjies speel?
III. Sal jy vir jou ouers jok deur te sê jou huiswerk is klaar, net sodat jy kan TV kyk?
IV. Kyk jy soms TV programme en DVD's met 'n ouderdomsbeperking?

n Psalm van Dawid:

Kom ons lees saam uit Psalm 15 wat Dawid lank gelede geskryf het.
"'n Lied van Dawid. Here, wie mag in U tempel kom en daar bly? Hy wat reg lewe en die eerlike waarheid praat. So iemand praat nie lelik van ander mense nie. Hy is nooit met enigiemand lelik nie. Hy het nie respek vir mense wat nie vir die Here respek het nie. Maar hy hou baie van mense wat vir die Here respek het. As hy iets belowe het, doen hy dit al is dit vir hom baie moeilik. So iemand sal nie iemand anders se geld vat nie, al kan hy.
Hy sal ook nie toelaat dat iemand vir hom geld of iets anders gee om te lieg nie. Met so 'n mens sal dit altyd goed gaan." (Bybel@kinders)
Dawid het hierdie Psalm geskryf nadat hy iets aangevang het: (Verteller kan lees of vertel)

Rollespel:

Rollespel met maskers: *(Masker patrone en instruksies op bl 13)* (Gebruik ook eenvoudige kostuums - lappe, speelgoedswaarde, ens. om die karakters voor te stel.)
Karakters: Dawid, Batseba, Joab, soldate, Dawid se bediendes, Urija en Natan.
Kinders word opgedeel in groepe en hulle gaan nou saamwerk om die storie te dramatiseer.
Gee elke groep 'n geleentheid om die storie te kom doen.

Toepassing:

Gesels daarna met die kinders- Wat leer ons uit hierdie storie?

1 Johannes 1:9 (vrywilliger soek op en lees)
God wil hê dat ons altyd eerlik moet wees, maar ons weet ook dat Hy ons sal vergewe as ons opreg jammer is en ons sondes bely.
· Kan jy dink aan 'n geleentheid / keer wat jy nie eerlik was nie en jy nog nie vir God om vergifnis gevra het nie?
· Skryf dit op papier neer (niemand moet sien wat jy skryf nie). Vra nou vir God om jou te vergewe. Skeur daardie papier fyn en flenters en gooi dit weg.

Sluit af:

Onthou wat sê Psalm 103 vers 12: "So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af."



Masker patroon vir Les 4 se rollespel (bl 9)

Option 1: String or elastic

1. Print the template onto card.
2. Decorate.
3. Cut out the mask shape.
4. Cut out the inner shapes.
5. Poke out the string holes.
6. Attach string or elastic.



Option 2: Paper fastener

1. Print the template onto card.
2. Decorate.
3. Cut out the mask shape.
4. Cut out the inner shapes.
5. Cut out the paper fastener.
6. Attach paper fastener.



Option 3: Hand held mask

1. Print the template onto card.
2. Decorate.
3. Cut out the mask shape.
4. Cut out the inner shapes.
5. Cut a wire/stick to length.
6. Attach wire/stick.